ALTAAR VAN AFRIKANERDOM

▪ "Strijdom is very, very dead"

deur Tom Gouws

In die middestad van Pretoria loop 'n profeet van God rond: groot gestalte, altyd in swart geklee, met 'n diep Ou-Testamentiese stem. Hy doem skielik agter jou op en ruk jou binneste oop as hy kliphard skreeu dat jy jou moet bekeer.

Wilma Stockenström, die Afrikaanse digter, het bykans dertig jaar gelede 'n gedig geskryf oor die hart van Pretoria, daar "*op die sementplein waar ou grootkop op sy adamsappel staan*", waar dié "*Jesusskreeuer*" ronddwaal. Die gedig eindig ontstellend: daar is *"op die hoogste vlak besluit … om adamsappels in die ban te doen. Ook gate word verbied. Dit kan die regering laat val.*"

Op 31 Mei 2001, wat presies die veertigste herdenking van die Republiek van Suid-Afrika sou wees, val ou grootkop Strijdom toe inderdaad in sy eie gat. Sonder die roering van 'n mensehand, toe die nuwe dag breek, kom 'n klip los en slaan die ikon van apartheid aan't flarde. Die grootkop van die ou bedeling breek middeldeur. Wat Pule Diphare in sy kort film oor Strijdomplein geprofeteer het, het waar geword: "Strijdom is very, very dead."

Charles Malan waag om te sê dit is deur die toedoen van die Hoërhand, maar hy word verlei om dit uiteindelik maar net ironies te lees as vreemde toevallighede in eietydse geskiedenis. In al die verdere berigte daaroor word dit bloot gesien as 'n interessante sameloop van omstandighede en datums en goedkoop simboliek – lig en los en drie sent 'n porsie.

Maar duidelik vra die uitsonderlike gebeure om 'n meer ernstige interpretasie. Ek is van oortuiging dat hierdie merkwaardige en raaiselagtige gebeurtenis 'n profetiese manifestasie is wat die Afrikaner moet verreken en interpreteer. Hierdie gebeurtenis, glo ek, is "'n teken" vir ons generasie. Jesus het van Jona gesê dat hy 'n "teken vir sy generasie" is (Lukas 11:30); Jesus self was 'n teken vir sy generasie én volk. Spreek God nog tot ons deur tekens? Kan Hy steeds die son 'n tyd laat stilstaan? En kan Hy monumente laat intuimel? En wat sê dit vir ons in ons dungeslyte postmoderne geloofsjassies?

Dit is van die uiterste belang dat ons die tye en gebeure moet onderskei en interpreteer as ons God se agenda vir 'n tyd soos hierdie wil verstaan. Die Bybel het belangrike dinge te sê oor die spesifieke betekenis van gedenkdae, simboliese tydperke en altare. Die King James-vertaling van Prediker 8:5-6 sê dit raak: "... a wise man's heart discerns both time and judgment, because for every matter there is a time and judgment".

Die 31ste Mei was vir generasies lank die spilpunt van verskeie nasionale en nasionalistiese gebeure. Op hierdie dag in 1902 het generaals Smuts en Hertzog die dokumente geteken om die Anglo-Boereoorlog te beïndig. Op dieselfde dag in 1910 is die Britse ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika gerealiseer en was die Unie van Suid-Afrika amptelik gedeklareer.

Op dié dag in 1928 is die eerste Unievlag naas die Union Jack gehys om onafhanklikheid in die toekoms te proklameer. In 1938, met die Eeufeesjaar van die Voortrekkers, is dit ‘n stap verder geneem en slegs die Unievlag is op hierdie dag, en daarna, gehys; die Union Jack nie. In 1957 is daar deur eenparige parlementêre wetgewing bepaal dat Die Stem en die Unievlag die enigste nasionale simbole van hierdie aard is. Van 31 Mei af het die gebruik gegeld en is *God save the Queen* en die Union Jack nie meer amptelik gebruik nie.

In 1960 is landwyd feesgevier om die vyftigjarige bestaan van Unie te herdenk. Dieselfde jaar nog is per volkstemming tot ‘n republiek besluit, en op 31 Mei 1961 is die Republiek van Suid-Afrika gebore. Sedertdien is Republiekdag op 31 Mei elke jaar herdenk en is die nasionalistiese ideale van die Afrikanerdom hiermee in die kollig geplaas. 31 Mei is ook gegraveer as die dag waarop Suid-Afrika sy rug op die internasionale lande gedraai het om sy beleid van aparte ontwikkeling ten alle koste deur te voer.

Maar tog op dié dag wat die 40ste herdenking van Republiekdag sou gewees het, is een van die belangrikste nasionale gedenktekens op ‘n bonatuurlike wyse vernietig deur die soewereine werking van die hand van God.

Miskien meer as enigeen anders het advokaat J.G Strijdom die aspirasies van Afrikaner-Nasionalisme gepersonifieer. In elke opsig het hy gelewe en geveg vir die selfbeskikking van die Afrikaner. Dit is deur Strijdom se direkte invloed dat Verwoerd enigsins deel geword het van die nasionale politiek. Hulle was geesgenote en het ‘n magtige broederskap en alliansie gevorm. Strijdom word deur hul strategiese versiendheid Suid-Afrika se vyfde eerste minister. Nou het hy die geleentheid en mag om die basis van nasionalisme te grondves. Verwoerd volg hom op, maar implementeer bloot die visie van Strijdom. Sonder twyfel kan Strijdom die argitek van die Republiek van Suid-Afrika genoem word.

In hierdie lig is sy monument van groter politieke betekenis as wat ‘n mens sou wou toegee. Dit word die bastion van apartheid, veral nadat die ultra-regse Wit Wolf Barend (óók) Strydom in November 1988 dié plein uitgekies het om na willekeur op swart mense te begin skiet. Twaalf dood, agtien ernstig beseer. Die simboliese offers van apartheidsvoorvaders het skielik ‘n konkrete bloedoffer gekry. Dit het die simboliese altaar van Afrikanerdom geword. Die bloed van onskuldige vrouens en kinders in konsentrasiekampe, manne op die grens, vryheidsvegters, onskuldige swart verbygangers, AWB-boere in Bophuthatswana, noem maar op, is hier as nasionale offer gebring.

Die onskuldige bloed van generasies wat ter wille van nasionalisme gevloei het, roep uit die aarde uit. En God vereis restitusie. Nie die goedkoop waarheid en versoening wat ons politiek probeer motiveer nie, maar Waarheid en Versoening wat net kom deur ‘n volk wat erken dat ons almal gesondig het teen Hom.

Om vyfuur op 31 Mei 2001 het ‘n geluid weerklink soos ‘n shofar wat diep en aanhoudend blaas, en ‘n monument het geval. In Bybelse simboliekterme, weet ons, is 5 altyd die getal van genade. Kan dit wees, dat al is daar duidelik tekens van God se oordeel en strafgerig oor ons verplaasde nasionale agendas van die verlede, Hy tog, met die breek van ‘n nuwe dag, na veertig jaar in die woestyn van ongehoorsaamheid, ‘n genadetyd uitroep, *mits* ons ons bekeer (2 Kronieke 7:14)?

Die Afrikaner word deur hierdie “act of God” geroep tot nasionale verootmoediging. Ons het as volk nie ons Goddellike roeping hier aan die Suidepunt van

Afrika volvoer nie, maar eerder groter gevangenisskap en bose verknegting in die hand gewerk. Die Afrikaner het God se agenda vir Afrika gemis.

Die Boetman-sage was ‘n uitbarsting van die diepgewortelde trauma van ‘n volk wat mislei is ter wille van ‘n nasionalistiese agenda. Maar die tyd het nou aangebreek om die saak voor God uit te maak.

Vir dié wat dit verstaan en wil antwoord aan die “Hoogste Vlak”, sal dit allereers vra om *al* ons ingetuimelde fondasies deur sy Gees te laat ondersoek. Laat dit nie van ons gesê word dat ons nie hierdie Skrif aan die muur gesien en só die dag van ons besoeking misgekyk het nie.

En mag ek nie nét ‘n profeet wees wat onverwags en onvanpas op Strijdomplein geskree het nie.